**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 20 FEBRUARIE 2024 OM 08:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

## TEENWOORDIG:

### LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

### ANDER RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker *(virtueel ingeskakel maar sluit om 09:21 in-persoon by die vergadering aan)* |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter: MPAC (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel maar sluit om 09:21 in-persoon by die vergadering aan)* |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | : | |
| Rdl. AC Isaacs | [PA] | : | |

### AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. W Nero | : | Assistent: Interne Ouditeur *(waarnemende Interne Ouditeur)* |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite |
| Mnr. CA Cornelissen | : | Hoof: Verkeersdienste en Wetstoepassing |
| Mnr. S Lombaard | : | Administratiewe Beampte: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Me. A Joubert | : | Omgewingsbeplanningsbestuursbeampte *(sluit aan om 10:04)* |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN019/02/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering met spesifieke verwysing na alle amptenare wat ingeskakel is op MS Teams platform vir die toespraak deur die Uitvoerende Burgemeester.

Raadslid Daniels open die vergadering met gebed.

Die Uitvoerende Burgemeester deel die volgende mededelings met die personeel:

1. 'n Oomblik van stilte word gehandhaaf vir mnr. C Davids, voormalige werknemer by Bergrivier Munisipaliteit wat Saterdag 17 Februarie 2024 oorlede is;
2. Hy spreek sy kommer uit rakende die gemeenskappe wat negatief is teenoor Bergrivier Munisipaliteit en meld dat die Raadslede en amptenare 'n bydrae lewer daartoe;
3. Hy lig 'n paar klagtes van die publiek uit naamlik, 'n waarskuwing vanaf Bergrivier Munisipaliteit dat hul bome afgesaag moet word, die hoë waterrekeninge en die rook by die oorlaaistasies. Hy meld dat daar ook ander kwessies is;
4. Dat die gemeenskappe in die Bergrivier Munisipale area agteruit gaan met spesifieke verwysing na die euwels in die gemeenskap (kinders wat nie skool gaan nie, drankmisbruik, dwelmmisbruik, tienerswangerskap, geslagsgeweld ens.), asook die impak wat die euwels op die gemeenskap en op dienslewering het;
5. Hy moedig die Raadslede en amptenare aan om te poog om 'n beter Bergrivier Munisipale area vir die gemeenskap te gee deur samewerking, harde werk en uitreiking na die gemeenskap;
6. Sy predikant sê die volgende:

   Jy kan die mooiste hare het, die beste kar, die grootste huis, die meeste geld verdien. Jy kan jou hoër ag as die ander werknemers **maar by God is ons almal gelyk en ewe belangrik**;
7. Hy moedig alle amptenare aan om die gemeenskappe met trots te dien. Bergrivier Munisipaliteit se visie is 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier, en as werknemers moet ons daarin glo;
8. Hy meld dat die Administrasie aangestel en verantwoordelik is om besluite uit te voer tot die beste van hul vermoë soos geneem deur die Raad;
9. Hy haal die onderstaande aan:

   "There are 2 kinds of workers. The hard and honest worker gets up in the morning and looks at himself in the mirror and sets his standards. Which is "I'm going to get better, I'm going to get better and I'm going to get better". He doesn't complain about the work and pay or the community or other things. These are things that lazy and weak workers are always complaining about the dishonest worker.

Turn the page to have a different attitude and be honest with yourself. Get it right in your mind and in your heart. We are focused from now on for Bergrivier Municipality";

10. Cornelia Heyman sê die volgende:

    "Take a good look at what's happening around you. Don't ever turn around and say it's not there because it's not affecting me. The important message is to take action, speak up, when you don't speak up, it just compounds itself into a hideous situation";

11. Hy moedig die amptenare aan om Bergrivier Munisipaliteit se naam te herstel by die gemeenskap van Bergrivier Munisipaliteit;

12. 'n Inwoner stuur die onderstaande aanhaling:

    "Empathy is not just a trait. It's a tool to drive customer service. It's the ability to step into the customer's shoes, to see the world from their perspective, and to share in their emotions. When customers voice their concerns, they are not just communicating a problem, they're expressing a need for understanding. In other words fix the error immediately";

13. Hy bevestig dat hy 100% gee aan Bergrivier Munisipaliteit en verwag dat elke Raadslid en amptenaar dieselfde persentasie in Bergrivier Munisipaliteit plaas. Dat die fokus op die werk geplaas word ten einde die dienslewering van die munisipaliteit te verbeter;

14. Hy versoek dat intimidasie teen die junior amptenare moet stop en moedig almal aan om intimidasie te rapporteer;

15. Hy versoek die Munisipale Bestuurder dat die inklok-reël vir etenstyd by die buite-personeel gestaak moet word;

16. Hy spreek sy dank uit teenoor die kantoorpersoneel wie hul beste gee vir Bergrivier Munisipaliteit en die gemeenskappe; en

17. Hy spreek sy dank uit teenoor die buite-personeel wie in die son en warmte hul hande vuil maak om dienslewering te verbeter vir die inwoners.

Hy bedank almal wat geluister het en die Uitvoerende Burgemeester se stoel respekteer en meld dat Raadslede en alle amptenare moet poog om hul samewerking, eerlikheid, harde werk en dien met trots te gee ten einde Bergrivier Munisipaliteit te laat floreer.

***

**BKN020/02/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN021/02/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN022/02/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 23 JANUARIE 2024**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 23 Januarie 2024, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**BKN023/02/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 23 JANUARIE 2024**
**3/3/2/2**
***(Die Implementeringsverslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings, soos gehou op Dinsdag 23 Januarie 2024.

***

**BKN024/02/2024**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN025/02/2024**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN026/02/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat mnr. C Davids, voormalige werknemer by Bergrivier Munisipaliteit, op Saterdag 17 Februarie 2024 oorlede is. Mnr. Davids was sewe (7) jaar werksaam by Bergrivier Munisipaliteit in die Strategiese Dienste afdeling. Hy betuig die Munisipaliteit se meegevoel met die sterfte en wens sy familie, vriende en kollegas sterkte toe in hierdie bedroefde tyd. Hy meld dat die gedenkdiens van mnr. C Davids op Saterdag 24 Februarie 2024 om 10:30 in die Morawiese kerk te Mamre plaasvind.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN027/02/2024**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: CK RUMBOLL AND PARTNERS PLANNING: BERGRIVIER MUNICIPALITY SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK, 2024 – 2029: TERUGVOER TE GEE TEN OPSIGTE VAN DIE HANTERING VAN DIE PUBLIEKE KOMMENTAAR SOOS ONTVANG**
**3/3/1/5**
***(Die voorlegging word visueel vertoon)***

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in en gee geleentheid aan me. Anelia Coetzee en me. Edwiné Booysen van CK Rumboll and Partners Planning om die Komitee deur die voorlegging te neem wat dien as terugvoer rakende die publieke kommentaar soos ontvang vanaf die publiek.

***(Die Speaker en Raadslid Du Plooy sluit om 09:21 in-persoon by die vergadering aan).***

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Op navraag van die Uitvoerende Onderburgemeester rakende watter grond munisipale, provinsiale en nasionale grond is, versoek die Uitvoerende Burgemeester dat die inligting deur middel van 'n aparte item / dokument voorgelê word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

Die Munisipale Bestuurder versoek dat die Direkteur Finansiële Dienste die opgedateerde inligting rakende "Municipal Money" en "IMCA's Longtime Financial Plan" aan die konsultante voorsien ten einde die "Capital Expenditure Framework"(CEF) op te dateer.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

Die Voorsitter bedank die afvaardigings, Stadsbeplanning-afdeling, die onderskeie departemente wat inligting voorsien het asook die gemeenskap vir die harde werk wat in die Bergrivier Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, 2024 – 2029 geplaas is.

**BESLUIT**

1. Dat die finale konsep Bergrivier Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, 2024 – 2029 voorgelê word tydens Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad in Maart 2024 vir oorweging en goedkeuring; en
2. Dat na finale goedkeuring, van die Raad in Maart 2024, die konsultant "CK Rumboll and Partners Planning" in samewerking met die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur, terugvoer gee aan die gemeenskap om hul te bedank vir hul insae soos gelewer.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR (Maart 2024)***

***

***(Die afvaardigings verlaat die vergadering om 10:03, waarna die Voorsitter 'n spesiale verwelkoming rig aan die Speaker, Raadslid Du Plooy, Raadsheer Manuel en Raadslid Isaacs wat die vergadering in-persoon bywoon).***

***(Die Omgewingsbeplanningsbestuursbeampte sluit om 10:04 virtueel aan by die vergadering).***

**BKN028/02/2024**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN029/02/2024**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING EN SDBIP**
**9/1/2**

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item in en bevestig dat die Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur die "Procurement Plan" versprei het.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN030/02/2024**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN031/02/2024**
**VERSOEK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: OORSIG RAKENDE WERKSAAMHEDE / DIENSLEWERING BINNE BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die item na afloop van item 51 op die agenda bespreek word.

***

**BKN032/02/2024**
**FINAL DRAFT: BERGRIVIER MUNICIPALITY SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK, 2024 – 2029 (BERGRIVIER MSDF, 2024 – 2029)**
**15/1/5/9**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word en dan voorgelê word by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee- en Raadsvergadering wat geskeduleer is vir onderskeidelik Dinsdag 19 en Maandag 25 Maart 2024.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR (Maart 2024)***

***

**BKN033/02/2024**
**BERGRIVIER MUNICIPALITY: BY-LAW RELATING TO THE BERG RIVER ESTUARY USAGE ZONES**
**17/12/9**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

***(Die Omgewingsbeplanningsbestuursbeampte ervaar konneksie-probleme).***

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the contents of the report be noted;
2. That in terms of section 156(2) of the Constitution read with section 11(3)(m) of the Local Government Municipal Systems Act 2000 (Act 32 of 2000) the Bergrivier Municipality By-Law Relating to the Berg River Estuary Usage Zones, attached as **Annexure B** be passed;

3. That in terms of section 13(a) of the Local Government Municipal Systems Act 2000, (Act 32 of 2000) the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to the Berg River Estuary Usage Zones, attached as **Annexure B** be published and come into effect on date of publication; and
4. That the delegations related to the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to the Berg River Estuary Usage Zones, attached as **Annexure D** be approved.

***

**BKN034/02/2024**
**<u>BERGRIVIER MUNICIPALITY: BY-LAW RELATING TO CONTROL OF UNDERTAKINGS THAT SELL LIQUOR TO THE PUBLIC 2018</u>**
**1/4/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die monitering, regulering en aanspreek van onwettige smokkelhuise op residensiële erwe met spesifieke verwysing na grondgebruik beplanning.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur ‘n regsopinie verkry rakende die moontlikheid om drank persele te beperk per straat asook die stappe wat gevolg moet word.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

Voorts bedank die Uitvoerende Burgemeester die Stadsbeplanning-afdeling, die onderskeie direktorate vir hul harde werk asook vir die publiek se insette met die publieke deelnameproses.

**<u>RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL</u>**

1. That the contents of the report be noted;
2. That in terms of section 156(2) of the Constitution read with section 11(3)(m) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the Bergrivier Municipality: By-Law Relating To Control of Undertakings that Sell Liquor to the public 2018, attached as **Annexure D**, be passed;
3. That in terms of section 13(a) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the By-Law Relating To Control Of Undertakings that Sell Liquor to the Public, 2018, be published and come into effect on date of publication; and
4. That the delegations applicable to the Bergrivier Municipality: By-law Relating to Control of Undertakings that Sell Liquor to the Public 2018, attached as **Annexure E**, be approved.

***

**BKN035/02/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 06 FEBRUARIE 2024**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN036/02/2024**
**POLICY ON THE RULES FOR THE HANGING OF POSTERS DURING VOTER REGISTRATION, GENERAL ELECTION, AND BY-ELECTIONS PROCESSES**
**3/B**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die beleid goedkeur.

***

***(Die Administratiewe Beampte: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur verlaat die vergadering om 10:02)***

**BKN037/02/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 07 FEBRUARIE 2024**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN038/02/2024**
**BOETEVRYE MAAND IN BERGRIVIER MUNISIPALE AREA**
**2/2/4**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item kortliks in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad die versoek vir 2 boetevrye maande, Maart en September 2024 vir alle Biblioteke in Bergrivier Munisipaliteit sal oorweeg en goedkeur.

***

**BKN039/02/2024**
**OORDRAG EN VERHURING VAN OPGEGRADEERDE HUISE TE ST. CHRISTOPHER'S LAAIPLEK, VELDDRIF**
**17/5/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item kortliks in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die eiendom te erfnommer 1098, Laaiplek aan Me. Beatrice Liebenberg met Id nr 621202 0244 088 verhuur word;
2. Dat die eiendom te erfnommer 1096, Laaiplek aan Me. Amanda Blaauw met Id Nr 670716 0154 088 verhuur word;
3. Dat die eiendom te erfnommer 1078, Laaiplek aan Mnr. Lionel Jordaan met Id Nr 810131 5094 084 verhuur word, totdat die boedel van wyle Me.

Maria Jordaan afgehandel is, en dat die eiendom aan voorgenoemde boedel oorgedra is;

4. Dat die huurbedrag vas gestel word op R200 per maand, met ‘n jaarlikse eskalasie van 10%;
5. Dat die eiendom te erfnommer 1079, Laaiplek aan Me. Elizabeth Amerika met Id Nr 660818 0634 085 oorgedra word deur middel van ‘n goedgekeurde behuisingsubsidie; en
6. Dat die eiendom te erfnommer 1097, Laaiplek aan Me Malene Johanna Salmoen met Id Nr 581120 0034 085 oorgedra word deur middel van ‘n goedgekeurde behuisingsubsidie.

***

**BKN040/02/2024**
**<u>BEHUISING KONSEP BESIGHEIDSPLAN</u>**
**17/5/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item kortliks in.

**<u>AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die Raad kennis neem van die Behuising Konsep Besigheidsplan.

***

**BKN041/02/2024**
**<u>BERGRIVIER MUNISIPALE KOÖRDINERINGS VERGADERING NOTULES</u>**
**17/5/2/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item kortliks in.

**<u>AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die Raad kennis neem van die Behuising Konsep Besigheidsplan.

***

**BKN042/02/2024**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 07 FEBRUARIE 2024</u>**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN043/02/2024**
**<u>TECHNICAL SERVICES ESKOM LOADSHEDDING / BLACKOUT PLAN</u>**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item kortliks in.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>BESLUIT:</u>**

- Dat die Direkteur: Tegniese Dienste ‘n verslag voorlê, by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, wat ‘n uiteensetting gee van die koste-implikasies wat vir beurtkrag begroot moet word ten einde te verseker dat die onderskeie munisipale kantoorgeboue, store en fasiliteite kan funksioneer gedurende beurtkrag;

**DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE**

- Dat die benodighede wat aangekoop moet word vir die beveiliging van die onderskeie munisipale kantoorgeboue, store en fasiliteite afsonderlik deel maak van bogenoemde verslag;

**DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE**

- Dat daar meer inligting verkry word rakende die maatskappy wat aangestel was in die vorige finansiële jaar 2022/23 wat ‘n toetsing sou doen met die maak en opstel van solar-ligte in die Bergrivier Munisipale area, hoeveel gespandeer is op solar-ligte en watter areas dit geïnstalleer is, deur die Finansiële Dienste en Tegniese Dienste direktoraat;

***DIREKTEURE: TEGNIESE DIENSTE EN FINANSIËLE DIENSTE***

- Dat die Direkteur Finansiële Dienste ‘n uittreksel aan die Uitvoerende Burgemeester voorsien wat die totale koste wat vir Eskom betaal word, vir elektrisiteit, vir die onderskeie munisipale kantoorgeboue, store en fasiliteite per dorp illustreer; en

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

- Dat die Direkteur: Tegniese Dienste ‘n verslag voorlê by die Tegniese Dienste Komiteevergadering en Uitvoerende Burgemeesterskomitee wat die redes gee dat die SSEG nie kan voortgaan nie.

***

**BKN044/02/2024**
**<u>ELECTRICITY MASTER PLAN STATUS QUO REPORT</u>**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur: Tegniese Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

***(Raadsheer Manuel verlaat die vergadering om 10:50)***

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Direkteur: Tegniese Dienste reël dat die konsultant “AES Consulting” ‘n aanbieding doen rakende die uitdagings en vooruitsigte wat uitgelig word, na afhandeling van die finale Elektrisiteits Meesterplan.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN045/02/2024**
**<u>ADDENDUM TO EXISTING DBSA AGREEMENT FOR THE UPDATING OF BERGRIVIER MUNICIPALITY’S VARIOUS MASTER PLANS</u>**
**9/1/2**

Die Direkteur: Tegniese Dienste lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL</u>**

1. That the report be noted;
2. That Council hereby approves the Project and the amendments made to include the previously excluded masterplans;
3. That the updated Council Resolution be signed by the Municipal Manager and Executive Mayor as requested by DBSA; and
4. That Council approves any additional masterplans to be updated as/should additional funding become available from DBSA or any other Grant.

***

**BKN046/02/2024**
**ELECTRICAL SERVICES PERSONNEL REQUIREMENTS**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word vir verdere ondersoeke/ bespreking.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN047/02/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DONDERDAG 08 FEBRUARIE 2024**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN048/02/2024**
**AFSKRYWING VAN UITSTAANDE DEBITEURE REKENING: ERF 122, AURORA**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Direkteur Finansiële Dienste meld dat 'n kennisgewingbrief aan Provinsie gerig moet word om hul in kennis te stel van hul agterstallige rekeninge en die gevolgebestuur wat gaan volg (afsny briewe).

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die volgende rekening afgeskryf word:

- Rekening 124729 ten bedrae van R 22,810.82;

2. Dat die nuwe dienste rekening in die naam van Bergrivier Munisipaliteit geopen word nadat die kontrak deur beide partye onderteken is;
3. Dat die Eiendomsbelasting steeds vir die rekening van die betrokke Staat department is, aangesien die eienaarskap nie oorgedra word aan die Munisipaliteit nie, maar slegs die gebruik van die eiendom oorgedra word; en
4. Dat voorsiening in die begroting gemaak word vir die betaling van die diensterekening en toekomstige onderhoudskoste, en voorafbetaalde elektrisiteitsaankope.

***

**BKN049/02/2024**
**INKOMSTEVERBETERINGSTRATEGIE: DESEMBER 2023**
**5/19**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Finansiële Dienste.

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word ten einde die Direkteur Finansiële Dienste genoegsame tyd te gee om 'n volledige analise te doen rakende die Inkomsteverbeteringstrategie.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN050/02/2024**
**OORROL VAN VOORAFBETAALDE ELEKTRISITEITSMETERS (TID ROLL OVER): NOVEMBER 2023 EN DESEMBER 2023**
**16/2/6/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Dat die Munisipale Bestuurder, Direkteur: Tegniese Dienste en Direkteur Finansiële Dienste die proses rakende die kommunikasie tussen Tegniese Dienste en Finansiële Dienste met verwysing na die foutiewe meters en gepeuterde meters aflyn hanteer.

***MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE: TEGNIESE DIENSTE & FINANSIËLE DIENSTE***

Die Uitvoerende Onderburgemeester versoek dat die kommunikasie-videos weer aan die publiek versprei word op die sosiale platvorms om hul geheue te verfris rakende die omskakelingsproses.

***HOOF: KOMMUNIKASIE***

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat:

1. Die proses vir die omskakeling is as volg:
   a) Aanstelling van ‘n tydelike persoon binne die Inkomste department wat spesifiek verantwoordelik is vir die weeklikse omskakeling van die meters;
   b) Dat ‘n tydelike persoon in die Elektrisiteit Afdeling aangestel word om behulpsaam te wees met navrae vanaf die publiek;
2. Aan die einde van November 2023 is 3,433 meters in totaal oorgerol; en
3. Aan die einde van Desember 2023 is 4,848 meters in totaal oorgerol.

***

**BKN051/02/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DONDERDAG 08 FEBRUARIE 2024**
**5/1/1**

Geen

***

**BKN031/02/2024**
**VERSOEK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: OORSIG RAKENDE WERKSAAMHEDE / DIENSLEWERING BINNE BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in en meld dat hy aan die Portefeulje Voorsitters en Speaker ‘n dokument voorsien het met onafgehandelde kwessies in die onderskeie direktorate asook die notules van die gesprekke tussen die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie:

Hy lig ‘n paar kwessies uit die dokument uit wat aandag moet geniet naamlik:

- Die beveiliging van munisipale geboue en sportsgronde asook die instandhouding daarvan;
- Die pompstasies en store waar gereeld ingebreek word;
- Die Informele Handelsentrum in Porterville;

- ‘n Gestremde-vriendelike Bergrivier Munisipaliteit;
- Die toestand van die strandoorde met spesifieke verwysing na Pelikaan Strandoord;
- Die monitering van rommelwerwe;
- Die diefstal van die munisipale bates;
- Die Wi-Fi op kantoor vir Raadslede (daar is geen data op die oomblik nie);
- Die aanwending van konsultante;
- Die hoë waterrekeninge in die Bergrivier Munisipale area wat problematies is. ‘n Bespreking vind plaas rakende meters wat nie gelees word nie, die kommer rakende die skatting van meters, die toepassing van die tariewe op die hoë waterrekeninge en wat die gevolgebestuur is vir die probleem;
- Die dissiplinêre verhoor uitsprake asook die hantering daarvan;
- Die klagtes teen amptenare wat intern ondersoek word (die hantering en die uitkoms daarvan);
- Die aanstellings van die tydelike werkers wat teenstrydig is met die beleid vir tydelike werkers (watter gevolgebestuur toegepas word);
- Die klagtes rakende die bestuur van die strandoorde met spesifieke verwysing na Dwarskersbos;
- Die elektriese meters - die tydperk van die rapportering en herstel van foutiewe meters (watter gevolgebestuur toegepas word);
- Die instandhouding van munisipale bates;
- Die hantering van die gemeenskap met verwysing na die waarskuwing wat gerig is aan die publiek rakende die afsnoei van bome in Wyk 3;
- Die riete wat hoog staan by Mandela Park, Piketberg wat ‘n gevaarsone is vir die inwoners; en
- Die brande by die onderskeie oorlaaistasie ( watter gevolgebestuur toegepas word).

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Portefeulje Voorsitters deur die dokumentasie gaan om hul te gewis van die inhoud, die kwessies aan te spreek met die onderskeie Direkteure (in hul Portefeulje) en indien nodig ander kwessies by te voeg. Die Uitvoerende Burgemeester meld dat hy die kwessies aan die Raad sal moet rapporteer as Politieke Hoof van Bergrivier Munisipaliteit.

***PORTEFEULJE VOORSITTERS***

***

**BKN052/02/2024**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN053/02/2024**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN054/02/2024**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD:</u>**

Geen

***

**BKN055/02/2024**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN056/02/2024**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN057/02/2024**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:45***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***